

14 Desember

Skrifgedeelte: Matteus 5:3-12; lees ook Romeine 4:7, Jesaja 61:10, Heidelbergse Kategismus Sondag 24, v/a 62

Fokusgedeelte: Matteus 5:6 (1933/53-vertaling)

Salig is dié wat honger en dors na geregtigheid

Is u bang vir die hel? Wil u graag in die hemel wees? Blykbaar het die kerkhervormer, Maarten Luther, aanvanklik 'n groot vrees vir die hel én tegelyk 'n verlange na die hemel gehad. Maarten Luther het van jongs af geleer dat God 'n regverdige Regter is en dat Hy sonde straf. Luther was vreesbevange vir die dood, want hoe sou hy voor die regverdige God kon standhou! Daarom los hy sy regsstudies, hy wou klooster toe sodat hy hom daar op goeie werke kon toespits om gered te word. Maarten Luther het goed verstaan dat geregtigheid in die Bybel beteken om in die regte verhouding met God te wees. Die woord geregtigheid het te doen met God se reg, dat ons aan Hom gehoorsaam sal wees deur sy wet te onderhou. So werk dit selfs in die wêreld. Die staat het wette, en wanneer jy die wette oortree, staan jy in 'n verkeerde verhouding tot die staat. Jy kom weer in die regte verhouding met die staat wanneer jy vir die oortreding betaal het. Boonop leer Jesus ons in Matteus 5 dat wanneer jy in die regte verhouding tot God wil staan deur die wet te onderhou, dan moet jy die wet so volmaak nakom soos ons Vader in die hemel (vgl. Matt. 5:48). Wanneer Jesus sy vierde saligspreking in Matteus 5:6 uitspreek, dan praat Hy in die oortreffende trap. Hy praat nie van "dan en wan" 'n bietjie lus wees vir God se geregtigheid nie, maar honger en dors daarna. Later moes Luther as professor in teologie die brief aan die Romeine vir sy studente leer. Ai, maar die brief aan die Romeine is deurspek van die woord "geregtigheid". Maar, dank die Here, die Heilige Gees gebruik juis die Romeinebrief om vir Luther te leer: "Wie in Jesus glo, is voor God regverdig!" So wonderlik leer die Heilige Gees ons in Romeine 4:7: "Salig is hulle wie se ongeregthede vergewe en wie se sonde bedek is." Dit is dieselfde beeldspraak as in Jesaja 61: "Die Here het my in die mantel van geregtigheid gewikkel." Dit is beeldspraak van 'n baie vuil man, maar dan word daar vir hom 'n spierwit linnekleed aangetrek sodat sy vuilheid toegemaak word. Met hierdie dagstukkies is ons in Desember. Binnekort herdenk ons die geboorte van die Seun van God. Die Seun van God word mens om volmaak aan God se geregtigheid te voldoen. En Hy doen twee dinge om volmaak aan God se geregtigheid te voldoen. Jesus kom in ons plek die wet van God volmaak na en Hy betaal aan die kruis volmaak vir die skuld wat ons gemaak het. Daarom het Jesus aan die kruis uitgeroep: "Volcome betaal." Die blye boodskap is so eenvoudig: "Glo in die Here Jesus Christus en die geregtigheid wat Hy voor God verwerf het, sal vir jou toegereken word."

Sing: Skrifberyming 5-1:6

Ds. JL (Louis) Aucamp (Kemptonpark-Mooifontein)